ng kerk weltevreden

lewe vir die stad

**Gemeentebrief Augustus 2021**

**Dapperheid**

Ek is die afgelope week weer met die gevolge van Covid gekofronteer, en het besef watter groot impak dit op die mense om my gemaak het, en die invloed wat dit steeds het. Ek is telkens verwonder oor mense se “resilliance,” oor uithouvermoë, oor dapperheid en hoop in ‘n tyd soos hierdie. Maar ek sien ook mense wat moed verloor, opgegee het op die lewe of weier om daaroor te praat. Ander sê weer dat dit gladnie ‘n verskil gemaak het in hul lewens nie of weier net om dit te erken.

Wanneer dinge met my swaar gaan, soek ek gewoonlik na Dawid se Psalms. Hy het van jongs swaar gekry, het foute gemaak, maar weer opgestaan, hy het sy lewe gelééf. Dawid was báie dinge in sy lewe, ‘n skaapwagter, ‘n soldaat, die jongste van sewe seuns en die een wat sy pa vergeet het om roep toe Samuel ál Isai se seuns wou sien, om ‘n koning te kies. Uiteindelik tog koning, maar ook iemand wat groot foute in sy lewe gemaak het, veral in sy persoonlike lewe. Dink maar aan Batseba en Dawid se verhouding met Absalom, sy seun. Maar hy was ook ‘n getroue vriend vir Jonathan, ‘n digter en komponis en goeie krygsman. Dawid se lewe was nie maklik nie. Dawid het foute gemaak, hy was nie perfek nie. Daar was geen “smooth sailing” vir hom nie.  Tog is Dawid die enigste persoon in die Bybel van wie daar geskryf staan dat hy ‘n man was na God se hart. (1 Sam 13:14).

Dawid het naby aan God geleef. Hy het in alle tye nie gehuiwer of opgehou om met die Here in gesprek te tree nie. Hy deel dikwels sy vrese met die Here en spreek ook sy vertroue uit dat God daar is en luister.

Kyk na Psalm 28 in die woorde van die 2020-vertaling:

Van Dawid.

Na U, Here, roep ek!
My Rots, moet U nie vir my
doof hou nie,
sodat ek nie, wanneer U
teenoor my sou swyg,
word soos dié wat in die put
afdaal nie.

Luister na my smeekgebed,
as ek na U om hulp roep,
as ek my hande uitstrek
na die heiligste deel
van u heiligdom.

Moet my nie wegvoer
saam met goddeloses nie –
mense wat onreg pleeg,
wat oor vrede praat met hulle naaste
terwyl daar kwaad in hulle harte is.

Vergeld hulle ooreenkomstig
hulle dade, hulle bose optrede;
vergeld hulle vir hulle handewerk,
gee hulle hulle verdiende loon.

Omdat hulle nie ag slaan
op die Here se dade
en op sy handewerk nie,
sal Hy hulle afbreek
en nie opbou nie.

Die Here moet geprys word,
want Hy het na my smeekgebed
geluister.

Die Here is my krag en my skild;
op Hom vertrou my hart.
Ja, ek het hulp ontvang
en my hart jubel,
met my lied wil ek Hom prys:
“Die Here is vir sy volk 'n krag.
Hy is die toevlug van verlossing
vir sy gesalfde.
“Verlos tog u volk
en seën u erfdeel;
wees vir hulle 'n herder
en dra hulle vir altyd!”

Dawid bid nie net vir homself nie, hy vra dat die Here vir hulle (sy volk) ‘n Herder sal wees en hulle vir altyd sal dra. Hoe jy ookal hierdie pandemie beleef, mag jy altyd weet dat die Here naby is, en dat jy altyd en enige tyd met Hom kan praat. Onthou dat daar mense is wat jou kan help; die dominees, ons maatskaplike werkster, Alda Boer en ander professionele mense se nommer is by die kerkkantoor of by Alda beskikbaar. Kontak ons gerus, selfs as jy net ‘n oor nodig het van iemand wat sal luister. En onthou, God is nooit te besig om te luister nie. Mag Hy jou dra as dit te moeilik raak om self te kan loop.

Groete
**Ilze de Villiers**